Welkom in die Familie

Riglyne vir wedergeboorte, die doop in die Heilige Gees en genesing

Kenneth Copeland

Welkom

in die

Familie

Riglyne vir wedergeboorte, die doop in die Heilige Gees en genesing

KENNETH COPELAND

K E N N E T H

C O P E L A N D

P U B L I C A T I O N S

© Buiten waar anders aangedui, kom aanhalings uit *1953 Afrikaanse vertaling* van die Bybel met verlof van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

.

Welkom in die Familie

Riglyne vir wedergeboorte, die doop in die Heilige Gees en genesing

30-0011A

© 2006 Kenneth Copeland Ministries, Incorporated

Kenneth Copeland Publications

Fort Worth, Texas, 76192-0001

Vir meer inligting oor Kenneth Copeland Ministries, skakel +27 (11) 699 7700 of besoek www.kcm.org

Gedruk in die Republiek van Suid Afrika. Alle regte gereserveer onder Internationale Kopie reg. Geen gedeelte van hierdie boek mag gereproduseer of versend word in enige vorm of deur enige medium, elektronies of meganies, insluitende foto kopiering, opnames, of enige ander informasie storing en herwinnings systeme, sonder die skriftelike toestemming van die uitgewer.

Welkom in die familie

God is lief vir jou en gee om vir jou…

… soveel dat Hy sy enigste Seun, Jesus, gestuur het om namens jou geoffer te word.

… soveel dat Hy sy kosbare Heilige Gees na die wêreld gestuur het om jou Trooster en Leraar te wees.

… soveel dat Hy voorsien het vir jou om sonder siekte en kwale te kan leef.

Sy begeerte is dat jy net die beste sal hê! Jy kan *vandag* nog begin om God se beste vir jou lewe te ontvang.

Die Woord sê dit is joune. Wees gereed om te ontvang!

Kenneth Copeland

Hoe word jy 'n Christen?

Weet jy waar jy met God staan?

As jy nog nooit vir Jesus die Here van jou lewe gemaak het nie, is jy verwyderd van God as gevolg van sonde. Dit is vir jou dat God Jesus na die kruis gestuur het. Johannes 3:16 sê: "Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê." God het *jou* so lief dat Hy sy enigste Seun vir *jou* gegee het.

2 Korinthiërs 5:21 sê dat God vir Jesus, wat geen sonde geken het nie, sonde *gemaak* het vir ons. Jesus was die vlekkelose Seun van God. *Sonde is die rede waarom Jesus na die aarde toe gekom het. Hy het aan die kruis gesterf en hel toe gegaan vir net een rede: om vir sonde te betaal.* Toe die prys betaal is, het Jesus deur sy opstanding uit die dood oor

Satan geseëvier, en die sondeprobleem was iets van die verlede.

God hou nie jou sonde teen jou nie. Die enigste ding wat keer dat jy ‘n kind van God word, is as jy nie jou huidige bestaan en jou huidige god, naamlik Satan, afsê en Jesus Heer maak oor jou lewe nie.

Toe Jesus die prys vir sonde betaal het, het Hy jou plaasvervanger geword. In die hemel is dit ook opgeteken dat jy bevry is. Dit is asof jy self 2000 jaar gelede aan daardie kruis gesterf het. Maar dit beteken nie outomaties dat jy hemel toe gaan nie. Alhoewel God Jesus gestuur het om vir jou sonde te betaal – en selfs al hou Hy niks teen jou nie – gaan jy nog steeds reguit hel toe.

Hoekom? Omdat jy nog nie die keuse gemaak het om Jesus aan te neem as jou persoonlike Verlosser en Here nie, en om sy offer as jou eie te ontvang nie.

Jy het ‘n vrye wil. Jy het die reg om jou eie toekoms te bepaal. God sal jou nooit dwing om redding te ontvang nie. Dis *jou* keuse. Jy kan reguit hel toe gaan en God sal nie ‘n vinger lig om jou te keer nie. Hy

het reeds alles gedoen toe Hy Jesus na die wêreld toe gestuur het.

Jy staan voor ‘n keuse.

As jy die keuse maak om Jesus jou Here te maak, *sal* God jou as sy eie kind aanvaar. Jy *sal* deel word van God se familie. Hy *sal* jou Pa wees en jy *sal* sy kind wees. Dis nie net ‘n teologiese idee nie – dis is ‘n feit. Dit gebeur werklik. Jesus het regtig op aarde beweeg as ‘n mens. Hy het werklik aan die kruis gehang, daar gesterf, is opgewek uit die dood, en leef vandag en sit aan God se regterhand in die hemel.

Wanneer jy ‘n Christen word – wanneer jy *wedergebore* word – neem jy God se karakter aan, want Hy is nou jou Hemelse Pa. Die karakter van sonde en van Satan is die dood. God se karakter is lewe. Jesus het met die mense van sy tyd gepraat en gesê: “Julle het die duiwel as vader…” (Johannes 8:44). Om Jesus as jou Here aan te neem vra dat jy jou rug sal keer op jou pa, die duiwel, oftewel op “die god van hierdie wêreld”, soos Satan ook genoem word (2 Korinthiërs 4:4). Jy kry ‘n nuwe

Pa, ‘n hemelse Pa, en jy is *wedergebore* – nie fisies nie, maar geestelik. Jou gees word hergebore en jy ‘aard’ nou na God.

Jy sien, jy is ‘n drieledige wese: jy is ‘n gees, jy het ‘n siel (gedagtes, wil en emosies) en jy leef in ‘n liggaam. Jesus verwys hierna in ‘n gesprek met Nikodemus (Johannes 3:3-7).

Jesus het vir hom gesê: “Jy moet weer gebore word.”

Nikodemus se reaksie hierop was: “Wat bedoel U? Moet ek weer teruggaan na my ma se skoot?”

Jesus se antwoord was: “Nee. Wat uit die vlees gebore is, is vlees. Wat gebore is uit die Gees is gees.”

Wedergeboorte is ‘n geestelike geboorte. Jy word uit die Gees van God gebore. Die Heilige Gees is na die wêreld gestuur om die wedergeboorte te laat plaasvind. Wanneer jy Jesus die Here van jou lewe maak, kom woon die Heilige Gees in jou en herskep Hy jou gees. Volgens 2 Korinthiërs 5:17 word jy ‘n nuwe skepping wanneer jy Jesus aanneem as Here – die

ou dinge is verby en alles word nuut. Sover dit God aangaan, staan jy van daardie oomblik af as ‘n nuwe mens voor Hom. Jy is weergebore – vry van sonde en die dood, tot geregtigheid en ‘n nuwe lewe. Dis ‘n feit.

1 Johannes 5:1-4 sê: “Elkeen wat glo dat Jesus die Christus is, is uit God gebore… Want alles wat uit God gebore is, oorwin die wêreld; en dit is die oorwinning wat die wêreld oorwin het, naamlik ons geloof.”

Ek wil hê jy moet besef wat gebeur wanneer iemand Jesus die Here van sy lewe maak. In God se oë word jy ‘n oorwinnaar. Sonde regeer nie meer jou lewe nie. Sonde is nie meer jou here nie. Jesus is jou Here, en jy kan verhewe bo die sataniese magte van hierdie wêreld leef.

Nadat Jesus opgewek is uit die dood, het Hy aan sy dissipels verskyn en gesê : “Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde” (Mattéüs 28:18). Daarna het Hy hierdie mag aan sy mense oorgedra. Hy het gesê: “Gaan die hele wêreld in en

verkondig die evangelie aan die ganse mensdom" (Markus 16:15). Wat is dié evangelie? Die goeie nuus dat God nie jou sondes en oortredinge teen jou hou nie.

Die Bybel gee sekere spesifieke instruksies wat jy moet volg om 'n Christen te word, oftewel wedergebore te word. Kyk na Romeine 10:8-11:

Naby jou is die woord, in jou mond en in jou hart. Dit is die woord van geloof wat ons verkondig: As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word; want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding. Want die skrif sê: Elkeen wat in Hom glo, sal nie beskaam word nie.

Jesus het gesê: "… Ek sal hom wat na My toe kom, nooit uitwerp nie" (Johannes 6:37). Maak nie saak watter soort sondaar jy is nie, maak nie saak wat jy gedoen het nie, jy kan na Jesus toe gaan en Hy sal jou aanvaar. Wanneer jy na Hom toe gaan, sal Hy jou laat hergebore word. Hy sal jou herskep, en daardie sonde wat jou so pla

sal iets van die verlede wees. Dit sal verdwyn. God sal jou aanvaar asof jy nog nooit gesondig het nie!

Om wedergebore te word, moet jy jou mond en jou hart gebruik. Eerstens moet jy in jou hart glo dat die Woord van God waar is. Dan bely jy dit met jou mond omdat jy dit glo.

Ek wil hê jy moet een baie belangrike feit besef : Jy bely nie dat jy gered is omdat jy so *voel* nie. Gevoelens het absoluut *niks* daarmee te doen nie. Kom ek gee jou 'n voorbeeld.

Veronderstel iemand sou vir jou sê: "Ek was vanoggend by die bank en het R10 000 in jou rekening gedeponeer." Hoe weet jy die persoon het gedoen wat hy gesê het? Jy glo nie omdat jy *voel* dat jy R10 000 ryker is nie, en jy betwyfel nie die persoon net omdat jy dit *nie voel* nie. Jou gevoelens het werklik *niks* daarmee te doen nie. As daardie persoon betroubaar is, sal jy hom glo. As hy onbetroubaar is, sal jy hom nie glo nie.

Waar dit jou redding aangaan, vertrou jy op die Woord van God – en Hy jok

nooit. Hy bedoel wat Hy sê. Wanneer Hy iets sê, kan jy dit maar glo. Hy het gesê as jy in jou hart glo en met jou mond bely dat Jesus Here is, sal jy gered word. Jou redding word nie bepaal deur hoe jy voel nie. Jy grond dit op die suiwer en onvervalste Woord van God.

God se Woord is die enigste bewys van jou redding, maar dit is al bewys wat jy ooit nodig sal hê!

'n Paar dae of weke later sal jy dalk nie baie gered *voel* nie. Jy mag selfs begin wonder of jy ooit uit die staanspoor gered was. Jy kan dalk twyfel – Satan sal daarvoor sorg! Maar wanneer daardie gedagtes en gevoelens kom, gaan net terug na God se Woord. Jy sal sien dat dit nog dieselfde sê! God verander nie, en sy Woord ook nie. Dis nog net so waar vandag as toe dit die eerste keer gespreek is. Mense kan jou moontlik probeer oortuig dat dit nie werk nie. Versoeking mag kom om jou te probeer oortuig dat dit nie werk nie. Twyfel sal in jou gedagtes begin opwel. Maar al hierdie dinge kan nie verander aan die feit dat God se Woord waar is nie.

Jesus het gesê: "… Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê" (Johannes 10:10). Die oomblik dat Jesus die Here van jou lewe word, sal jy wil leef in plaas van om te sterf.

Ek kan hiervan getuig vanuit my eie lewe. Voordat ek Jesus aangeneem het as my Here, was ek reguit op pad hel toe. Alles waarvan ek gehou het was sleg vir my. Die gewoontes wat ek oor 25 jaar ontwikkel het, het my liggaam en my denke geskaad. Toe ek Jesus die Here van my lewe maak, het al daardie begeertes verander. Ek wou skielik ontslae raak van al my vuil gewoontes. Ek het 'n begeerte gehad om ontslae te raak van tabak, alkohol, immorele gedagtes en gedrag, godslastering, ensovoorts. Waarom? Omdat ek verander het. Die ware ek – my gees – was weergebore. Die verandering in my gees het na my gedagtes en my liggaam oorgespoel.

Hierdie verandering is ook vir jou moontlik. God is by jou, gereed om jou aan te neem en jou te verander. Jy hoef nie langer in sonde te leef nie. Jy hoef nie langer 'n lewe van neerlaag te lei nie. Jy

hoef niks anders as God se kind te wees nie. Jy kan die pad van oorwinning stap, saam met Jesus as jou Here en Verlosser. Jy hoef nie meer aan Satan toe te gee nie. Jy kan die kop wees – nie die stert nie!

Ek nooi jou om saam met my die gebed vir redding te bid. Moet dit nie net lees nie. Probeer doelbewus om vanuit jou diepste wese te praat. Nadat jy hierdie gebed gebid het, sal jy wedergebore wees:

Hemelse Vader, ek bied myself in die Naam van Jesus vir U aan.

Ek vra Jesus om die Here van my lewe te wees. Ek glo dit met my hele hart, daarom sê ek dit met my mond: "Jesus is opgewek uit die dood." Op hierdie oomblik maak ek Hom Here oor my lewe. Jesus, kom woon in my hart. Ek glo dat ek van hierdie oomblik af gered is. Daarom sê ek nou: "Ek is wedergebore. Ek is 'n Christen. Ek is 'n kind van God."

Sê nou vir God dankie dat Hy jou sy kind gemaak het. Kolossense 1:12 sê: "… en die Vader mag dank wat ons bekwaam gemaak het om deel te hê aan die erfdeel van die heiliges in die lig…". Jy het so pas

deel geword van die erfgename van God. Jy het so pas die Koninkryk van God ontvang!

Gepraat van God, die volgende vers sê: "Hy wat ons verlos het uit die mag van die duisternis en oorgebring het in die koninkryk van die Seun van sy liefde, in wie ons die verlossing het deur sy bloed, naamlik die vergifnis van die sondes."

Jy hoef nie te wag totdat jy eendag doodgaan om jou erfporsie te ontvang nie. Jy is van hierdie oomblik af reeds 'n kind van God, en jy kan nou al alles ontvang wat jou toekom! 1 Johannes 3:2 sê: "Geliefdes, nou is ons kinders van God…". Jy is verlos uit die duisternis en is 'oorgeplaas' na die Koninkryk van God.

Jesus het gesê: "Moenie vrees nie, klein kuddetjie, want julle Vader het 'n welbehae daarin gehad om aan julle die koninkryk te gee" (Lukas 12:32).

Welkom in God se familie!

Hoe om die doop in die Heilige Gees te ontvang

Voordat Jesus gekruisig is, het Hy sy dissipels geleer van die Heilige Gees, of die Trooster. In Johannes 14:16-17 sê Hy:

> En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle ‘n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid: die Gees van die waarheid wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat dit Hom nie sien en Hom nie ken nie; maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees.

Tydens jou redding is jy hergebore toe die Heilige Gees jou gees herskep en in jou kom woon het. Maar sy werk is nie net om God se karakter in jou gees te vestig nie. Hy wil hê sy lewegewende krag moet in jou *ontplof* sodat jy doeltreffend kan getuig en in aanraking kan bly met die dinge van God (1 Korinthiërs 14:2; 2:10).

Terwyl Jesus op aarde bedien het, het Hy gesê: "… maar die Vader wat in My bly, Hy doen die werke… wie in My glo – die werke wat Ek doen, sal hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit, omdat Ek na my Vader gaan." (Johannes 14:10,12). Dis die Heilige Gees wat in jou woon wat al hierdie "groter werke" doen.

In Markus 16:15-18 moedig Jesus sy dissipels aan om met krag te gaan bedien:

> "… Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom… En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg: in my Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek… op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word."
>
> God het dit so bedoel dat, wanneer jy van Jesus getuig en vir mense bid, die Heilige Gees – deur jou – vry sal wees om te doen wat nodig is om redding, genesing, bevryding of wat die behoefte ook al is, te bring. Hierdie bemagtiging vir bediening is die gevolg van die doop in die Heilige Gees. En dis vir almal in die Liggaam van Christus, omdat God op

Pinksterdag sy Gees aan die Kerk gegee het.

Deur die bemagtiging van die Heilige Gees sal jy in staat wees om jou taak te verrig en God se Woord effektief oor te dra. Maar, net soos jy persoonlik jou redding ontvang het, moet jy ook persoonlik die doop in die Heilige Gees ontvang. Jy ontvang dit soos jy Jesus ontvang het – deur geloof in God se Woord.

Jy hoef God nie te smeek vir die Heilige Gees se bemagtiging nie. Al wat enige weergebore gelowige moet doen, is om die Heilige Gees volle toegang tot sy lewe te gee. Hy sal die tempel skoon maak. Hy sal jou help om ontslae te raak van gewoontes. Hy sal die onrein dinge uit jou lewe wegneem. *Hy* is die krag wat hierdie dinge doen.

Alhoewel jy nie hoef te smeek om die Heilige Gees te ontvang nie, moet jy nogtans *vra*. As jy vra, belowe die Woord van God, sal jy ontvang:

> "En Ek sê vir julle: Bid (vra), en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind;

klop, en vir julle sal oopgemaak word. En vir watter vader onder julle sal sy seun brood vra, en hy sal hom ‘n klip gee; of ook ‘n vis, en hy sal hom in plaas van ‘n vis ‘n slang gee; of ook as hy ‘n eier vra, hom ‘n skerpioen gee? As julle dan wat sleg is, weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, HOEVEEL TE MEER sal die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom bid?” (Lukas 11:9-13)

Jesus praat hier van ‘n *seun* wat iets van sy *pa* vra. Jy is ‘n seun van God. Jy is sy kind en Hy is jou Pa. Wanneer jy na God gaan en vir die Heilige Gees vra, sal jy nie ‘n duiwel ontvang nie. Moenie bekommerd wees dat jy iets verkeerds sal ontvang nie.

God is bereid en gereed om jou in Sy Heilige Gees te doop wanneer jy Hom vra om dit te doen. Die Heilige Gees het op Pinksterdag na die aarde toe gekom en Hy is nog steeds hier. Hy is reg by jou. Die oomblik wanneer jy die Vader vir die Heilige Gees vra, sal Hy Hom aan jou gee. So gretig as wat jy is om Hom te ontvang, is Hy nog meer gereed om jou met God se

vermoëns te bemagtig. Die Heilige Gees is alomteenwoordig, gereed om te beweeg, want Hy wil hê jy moet ‘n belangrike en kragtige getuie van Jesus wees.

Maar God sal nie die Heilige Gees op enige manier op jou afdwing as jy Hom nie wil ontvang nie. Jou wil is hierby betrokke. Sonder jou gewillige aksie sal jy niks van God ontvang nie.

Om die Heilige Gees te ontvang vra dat jy nederig na God sal kom. Staan oop en gereed voor Hom. Gee jouself vir Hom – liggaam, siel en gees.

Sê: *Hier is ek, en ek vra U om in my te kom bly. Omdat ek vra, verwag ek dat U dit sal doen. U woord sê U sal die Heilige Gees gee aan dié wat U vra, en daarom vra ek U nou. Doop my in u Heilige Gees.*

Weer eens, moenie op jou gevoel staat maak nie. Jy ontvang die Heilige Gees deur *geloof* en nie deur *gevoel* nie.

Wanneer jy in die Heilige Gees gedoop word, gebeur daar iets buitengewoons met jou: jy word in staat gestel om in ‘n vreemde taal te praat. “En hulle is almal

vervul met die Heilige Gees en het begin spreek in ander tale, soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek" (Handelinge 2:4). Die Heilige Gees gee die uitdrukking, maar jy praat self. Nêrens in die Nuwe Testament word gesê dat die Heilige Gees die praatwerk doen nie. *God sal jou nie forseer om in tale te praat nie.* Die Heilige Gees sal die woorde voorsien – woorde onbekend aan jou – maar *jy* moet self die klank voorsien.

Wanneer jy in tale praat, bid jy 'in die gees'. Net soos jou taal die stem van jou siel is, is om in tale te bid die stem van jou gees. Dit is jou gees wat geheimenisse tot God spreek (1 Korinthiërs 14:2). Die apostel Paulus het gesê: "Want as ek in 'n taal bid, dan bid my gees, maar my verstand is onvrugbaar" (1 Korinthiërs 14:14). Ek wil nou saam met jou bid om die Heilige Gees te ontvang:

> *My hemelse Vader, ek is 'n gelowige. Ek is u kind en U is my Pa. Jesus is my Here. Ek glo met my hele hart dat u Woord waar is.*

U Woord sê as ek vra, sal ek die Heilige Gees ontvang. Daarom, in die Naam van Jesus Christus, my Here, vra ek U om my tot oorvloed te vul met u kosbare Heilige Gees.

Jesus, doop my in die Heilige Gees. Op grond van u Woord glo ek dat ek nou ontvang, en ek dank U daarvoor. Ek glo dat die Heilige Gees in my woon, en deur geloof aanvaar ek dit.

Heilige Gees, wel op in my terwyl ek God begin prys. Ek verwag om in ander tale te spreek soos wat U die uitdrukking daarvan gee.

Nou wil ek hê jy moet God begin dank en prys dat Hy jou doop in die Heilige Gees. Terwyl jy dit doen, sal daar ‘n opwelling in jou gees begin van sekere woorde en klanke wat vir jou onbekend is, maar wat jy deur geloof moet begin uitspreek. Moenie jou eie taal praat nie. Jy kan nie twee tale gelyk praat nie. Begin net om die klanke wat op jou lippe vorm uit te spreek. Jy sal klink soos ‘n baba wat begin praat. (Onthou, jy moet jou eie stem

gebruik. God sal jou nie dwing om te praat nie.)

Van hierdie oomblik af is jy ‘n Geesvervulde gelowige. Jesus sê in Johannes14:16: “En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle ‘n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid.” Die Heilige Gees is jou Trooster, wat beteken raadgewer, helper, voorbidder, advokaat, bekragtiger en ondersteuner. Jy kan op Hom vertrou om al hierdie dinge in jou te doen.

Die Heilige Gees is gestuur om alle dinge aan jou te leer, jou te lei en jou in alle waarheid te rig (Johannes 14:26; 16:12-13). *Jy is nie meer alleen nie. Die Heilige Gees is die Vertrooster wat vir altyd by jou sal bly!*

Hoe om vir genesing te bid

Genesing is jou deel. Jesus het dit vir jou bekom deur na die kruis toe te gaan. Jy het net soveel reg tot genesing as wat jy het tot redding en die vervulling met die Heilige Gees.

Volgens Matthéüs 8:17 het Jesus "… ons krankhede op Hom geneem en ons siektes gedra." Hy het dit in sy eie liggaam opgeneem sodat jy dit nie hoef te dra nie. Ons is vrygekoop van siektes en kwale.

Kyk na Galasiërs 3:13-14:

Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word – want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang – sodat die seën van Abraham na die heidene kan kom in Christus Jesus, en dat ons die belofte van die Gees deur die geloof kan ontvang.

Jesus het ‘n vloek gedra sodat ons ‘n seën kon ontvang. Wat is die “seën van Abraham”? Kom ons lees Genesis 17:1-7:

> Toe Abram negen-en-negentig jaar oud was, het die Here aan Abram verskyn en vir hom gesê: Ek is God, die Almagtige; wandel voor my aangesig, dan sal jy opreg wees. En Ek wil my verbond sluit tussen My en jou, en jou buitengewoon vermeerder… Daarom sal hulle jou nie meer Abram noem nie, maar jou naam sal wees Abraham, want Ek maak jou ‘n vader van ‘n menigte van nasies… En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag ná jou in hulle geslagte as ‘n ewige verbond, om vir jou ‘n God te wees en vir jou nageslag ná jou.

Hierdie verbond wat God met Abraham gesluit het, is deur Jesus se bloed verseël. Volgens Galasiërs 3:29 is jy, as jy aan Jesus Christus behoort, ‘n erfgenaam van al die beloftes wat aan Abraham gemaak

is. *Jy is 'n erfgenaam van al die seën wat God aan Abraham belowe het.* Hierdie seën, soos beskryf in Deuteronomium 28, omvat elke area van jou bestaan: gees, siel, liggaam, sosiale lewe en finansies. Lees die eerste 14 verse van Deuteronomium 28 en jy sal sien watter seëninge alles aan jou behoort as 'n kind van God en mede-erfgenaam van Jesus.

Een van daardie seëninge is fisiese genesing. *Jy het die reg om vry te wees van siekte en kwale.* Petrus het van Jesus gesê: "… wat self ons sondes in sy liggaam op die kruishout gedra het, sodat ons die sondes kan afsterwe en vir die geregtigheid lewe; deur wie se wonde julle genees is" (1 Petrus 2:24). Die hale wat die Romeinse soldate oor Jesus se liggaam geslaan het, verteenwoordig jou genesing. Deur daardie hale het jou genesing gekom – *verlede* tyd.

Jy is alreeds 2000 jaar gelede genees, maar jy moet dit deur geloof aanvaar vir vandag. Genesing is deel van jou erfporsie en dus deel van Abraham se seën. Maar om jou erfporsie te ontvang, moet jy glo

en dit as ‘n werklikheid in jou eie lewe aanvaar.

Dit is baie maklik om vir genesing te bid. Jy moet net sê: Vader, ek is U kind. Ek is gevul met U Gees. Ek glo dat Jesus my siekte en kwale op Hom geneem het, en ek glo dat ek reeds 2000 jaar gelede genees is.

Ek aanvaar daardie feit nou. Ek glo dat ek NOU genees is, in die Naam van Jesus.

As ‘n kind van God het jy die reg om Satan te beveel om jou uit te los. Hy het geen reg om jou liggaam met siektes of kwale aan te tas nie, want Jesus het reeds alle siektes en kwale op Hom geneem. Daarom is enige pogings van Satan om jou siek te maak, onregmatig. Jy behoort aan God, en Satan is ‘n gebiedsoortreder. Hy het geen reg om ‘n vinger op jou gees, siel of liggaam te lê nie.

Jy kan permanente goddelike gesondheid geniet

Deur genesing van enige siekte te ontvang is goed, maar dit is nog beter om in goddelike gesondheid te leef. *Goddelike gesondheid is die hoogste voorreg van enige wedergebore, Geesvervulde gelowige.*

Volgens Spreuke 4:22 is God se Woord lewe vir dié wat dit vind en gesondheid (medisyne) vir jou liggaam.

God se bedoeling is dat elke gelowige heeltemal vry sal wees van siektes en kwale. Net jy kan besluit of jy wil of nie.

Een van die beste maniere om God se krag in jou lewe te aktiveer, is om voortdurend te bely wat sy Woord oor jou sê. Deur God se Woord aangaande genesing te bely, bou jy die beeld van goddelike gesondheid in jou hart op, totdat jy geen greintjie twyfel meer het dat dit

God se wil vir jou is nie! “Die geloof is dus uit die gehoor en die gehoor is deur die woord van God” (Romeine 10:17).

Elke keer wanneer jy God se Woord spreek, moet jy onthou wat Jesaja 55:11 sê: “… so sal my woord wees wat uit my mond uitgaan: dit sal nie leeg na My terugkeer nie, maar doen wat My behaag en voorspoedig wees in alles waartoe Ek dit stuur.”

Gebruik die volgende gebed as jou eie belydenis van genesing en gesondheid. Wanneer jy dit doen, onthou dat Jeremia 1:12 sê: “… want Ek is wakker oor my woord om dit te volbring.”

Gebed vir gesondheid en genesing

Vader, in die Naam van Jesus bely ek u Woord aangaande gesondheid en genesing. Terwyl ek dit doen, glo ek dat u Woord nie leeg na U sal terugkeer nie, maar sal uitvoer wat dit sê.

In die Naam van Jesus glo ek dat ek genees is volgens 1 Petrus 2:24. U Woord sê dat Jesus al my ongesteldhede en siektes op Hom geneem het (Matthéüs 8:17). Daarom staan ek met groot vrymoedigheid en versekering op die outoriteit van u Woord en verklaar ek dat ek bevry is van die vloek van siekte. Ek weier om enige simptome te verdra.

Satan, ek praat met jou in Jesus se Naam, en ek verklaar dat jou owerhede, magte, wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, en bose geeste in die lug gebonde is en op geen manier teen my kan optree nie. Ek is bevry van hulle opdragte. Ek behoort aan die Almagtige

God en weier jou enige ruimte in my lewe. Ek leef in die skuilplek van die Allerhoogste en ek vernag in die skaduwee van die Almagtige, wie se krag deur geen vyand weerstaan kan word nie.

Vader, ek glo u Woord wat sê dat die engel van die Here rondom my is en my verlos van alle boosheid. Geen boosheid sal oor my kom nie en geen plaag of onheil sal naby my woning kom nie.

Ek bely dat die Woord in my woon en lewe en medisyne vir my liggaam is. Die wet van die Gees van die lewe in Christus Jesus werk in my en maak my vry van die wet van die sonde en die dood.

Ek hou vas aan my belydenis van u Woord en ek staan onbeweeglik in die wete dat gesondheid en genesing NOU myne is, in Jesus se Naam.

Gebed vir redding en die doop in die Heilige Gees

Hemelse Vader, ek kom na U toe in die Naam van Jesus. U Woord sê: "En elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word" (Handelinge 2:21). Ek roep U aan. Ek bid en vra dat Jesus in my hart sal inkom en die Here word oor my lewe in ooreenstemming met Romeine 19:9-10: "As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word, want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding." Ek doen dit nou. Ek bely dat Jesus die Here is en ek glo dat God Hom uit die dood opgewek het.

Ek is nou wedergebore! Ek is 'n Christen – 'n kind van die almagtige God! Ek is gered! U sê ook in u Woord: "As julle dan wat sleg is, weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, HOEVEEL TE MEER sal

die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom bid?" Ek vra U ook om my te vul met die Heilige Gees. Heilige Gees, wel in my op terwyl ek God prys. Ek verwag ten volle om in ander tale te spreek soos wat U deur my daaraan uiting gee (Handelinge 2:4). In Jesus se Naam. Amen!

Begin nou om God te prys vir die vervulling met die Heilige Gees. Spreek daardie woorde en klanke uit wat jy ontvang – nie in jou eie taal nie, maar in die taal wat die Heilige Gees aan jou gee. Jy moet jou eie stem gebruik. God sal jou nie forseer om te praat nie. Moet jou nie steur aan hoe dit klink nie. Dit is 'n hemelse taal!

Hou vol met die seën wat God aan jou gee en bid elke dag in die gees.

Jy is 'n wedergebore, Geesvervulde gelowige. Jy sal nooit weer dieselfde wees nie!

Soek na 'n goeie kerk wat die Woord van God verkondig en gehoorsaam. Word deel van 'n geestelike familie wat vir jou

lief sal wees en vir jou sal omgee terwyl jy hulle ook lief het en vir hulle omgee.

Ons moet in verhouding met mekaar te leef. Dit maak ons sterker in God. Dit is God se plan vir ons.

Kweek die gewoonte aan om gereeld na die *Believer's Voice of Victory* televisie-uitsending te kyk. Word 'n dader van die Woord wat suksesvol is in alles wat hy doen (Jakobus 1:22-25).

Omtrent die skrywer

Kenneth Copeland is mede-stigter en president van Kenneth Copeland Ministries in Fort Worth, Texas en die outeur van verskeie boeke, onder meer: *Managing God's Mutual Funds – Yours and His, Prosperity and Abundance, How to Discipline Your Flesh* en *Honor – Walking in Honesty, Truth and Integrity*.

Kenneth is reeds 38 jaar lank 'n prediker van die evangelie van Christus en leraar van God se Woord. Hy is ook 'n sanger wie se albums al toekennings verwerf het, soos byvoorbeeld sy Grammy-genomineerde *Only the Redeemed, In His Presence, He is Jehovah* en sy mees onlangse *Just a Closer Walk*. As akteur speel hy die karakter Wichita Slim in die kinderavontuur-video's *The Gunslinger, Covenant Rider* en *The Treasure of Eagle Mountain.* Hy is ook Daniel Lyon in die *Commander Kellie and the Superkids* video's *Armor of Light* en *Judgment*: *The Trial of Commander Kellie.*

Sy visie om die onvervalste Woord van God vanaf die bokant tot die onderkant van die Wêreld en reg rondom te verkondig, word ondersteun deur kantore en personeel in die VSA, Kanada, Suid-Afrika, Engeland, Australië en die Oekraine. Sy bediening bereik miljoene mense wêreldwyd deur daaglikse en Sondag- TV-uitsendings, tydskrifte, oudiokassette, video's, konferensies, veldtogte en die Internet.

Kom meer te wete oor Kenneth Copeland Ministries deur ons webtuiste te besoek by **www.kcm.org**

Boeke beskikbaar by Kenneth Copeland Ministries

Deur Kenneth Copeland

A Ceremony of Marriage
A Matter of Choice
Covenant of Blood
Faith and Patience – The Power Twins
Freedom From Fear
Giving And Receiving
Honor – Walking in Honesty, Truth and Integrity
How to Conquer Strife
How to Discipline Your Flesh
How to Receive Communion
Know Your Enemy
Living at the End Of Time – A Supernatural Increase
Love Never Fails
Managing God's Mutual Funds – Yours and His
Mercy – The Divine Recue of the Human Race
Now Are We in Christ Jesus
One Nation Under God (geskenkboek met kompakskyf)
Our Covenant with God
Partnership – Sharing the Vision, Sharing the Grace
Prayer – Your Foundation for Success
Prosperity: The Choice Is Yours
Rumors of War

Sensitivity of Heart
Six Steps to Excellence in Ministry
Sorrow Not! Winning Over Grief and Sorrow
The Decision is Yours
The Force of Faith
The Force of Righteousness
The Image of God in You
The Laws of Prosperity
The Mercy of God (slegs in Spaans beskikbaar)
The Outpouring of the Spirit – The Result of Prayer
The Power of the Tongue
The Power to be Forever Free
The Winning Attitude
Turn Your Hurts Into Harvests
Walking in the Realm of the Miraculous
Welcome to the Family
You Are Healed!
Your Rightstanding with God

Deur Gloria Copeland

And Jesus Healed Them All
Are You Listening?
Are you Ready?
Be a Vessel of Honor
Build Your Financial Foundation
Fight On!
Go With The Flow
God's Prescription for Divine Health
God's Success Formula

God’s Will for You
God’s Will for Your Healing
God’s Will Is Prosperity
God’s Will Is the Holy Spirit
Harvest of Health
Hidden Treasures
Living Contact
Living in Heaven’s Blessings Now
Looking for a Receiver
Love – The Secret to Your Success
No Deposit – No Return
Pleasing the Father
Pressing In – It’s Worth It All
Shine On!
The Grace That Makes Us Holy
The Power To Live a New Life
The Protection of Angels
The Secret Place of God’s Protection (geskenkboek met kompakskyf)
The Unbeatable Spirit of Faith
There is no High Like the Most High
This Same Jesus
To Know Him
Walk in the Spirit
Walk With God
Well Worth the Wait
Words That Heal (geskenkboek met kompakskyf)
Your Promise of Protection – The Power of the 91st Psalm

Boeke gesamentlik deur Kenneth en Gloria Copeland

Family Promises
Healing Promises
Prosperity Promises
Protection Promises

From Faith to Faith – A Daily Guide to Victory
From Faith to Faith – A Perpetual Calendar

One Word From God Can Change Your Destiny
One Word From God Can Change Your Family
One Word From God Can Change Your Finances
One Word From God Can Change Your Formula for Success
One Word From God Can Change Your Health
One Word From God Can Change Your Nation
One Word From God Can Change Your Prayer Life
One Word From God Can Change Your Relationships

Load Up – A Youth Devotional
Over The Edge – A Youth Devotional
Pursuit of His presence – A Daily Devotional
Pursuit of His presence – A Perpetual Calendar
Raising Children without fear

Ander boeke wat deur KCP gepubliseer word

The First 30 Years – A Journey of Faith
The story of the lives of Kenneth and Gloria Copeland.
Real People, Real Needs, Real Victories
A book of testimonies to encourage faith.
John G. Lake – His Life, His Sermons, His Boldness of Faith
The Holiest of All by Andrew Murray
The New Testament in Modern Speech
By Richard Francis Weymouth
The Rabbi From Burbank
By Rabbi Isidor Zwirn and Bob Owen
Unchained! by Mac Gober

Produkte vir vandag se kinders en jeug

And Jesus Healed Them All (belydenisboek en kompakskyf geskenkpak)
Baby Praise Board Book
Baby Praise Christmas Board Book
Noah's Ark Coloring Book
The Best of *Shout!* Adventure Comics
The *Shout!* Giant Flip Coloring Book
The *Shout!* Joke Book
The *Shout!* Super-Activity Book
Wichita Slim's Campfire Stories

***Commander Kellie and the Superkids*$_{SM}$ boeke:**

The SWORD Adventure Book
Commander Kellie and the Superkids$_{SM}$ Solve-It-Yourself Mysteries
Commander Kellie and the Superkids$_{SM}$ Adventure Series:

Middle Grade Novels by Christopher P.N. Maselli:

#1 The Mysterious Presence
#2 The Quest for the Second Half
#3 Escape From Jungle Island
#4 In Pursuit of the Enemy
#5 Caged Rivalry
#6 Mystery of the Missing Link
#7 Out of Breath
#8 The Year Mashela Stole Christmas
#9 False Identity
#10 The Runaway Mission
#11 The Knight – time Rescue of Commander Kellie

Internasionale kantore van Kenneth Copeland Ministries

Vir meer inligting oor KCM asook ‘n gratis katalogus, skryf aan die kantoor naaste aan jou:

Kenneth Copeland Ministries
Fort Worth, Texas, 76192-0001

Kenneth Copeland
Locked Bag 2600
Mansfield Delivery Centre
QUEENSLAND 4122
AUSTRALIE

Kenneth Copeland
Post Office
BATH
BAI 3XN
VEREENIGDE KONINGKRYK

Kenneth Copeland
Privaatsak X909
Fontainebleau
2032
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Kenneth Copeland
PO Box 3111
STN LCD1
Langley BC V3A 4R3
KANADA

Kenneth Copeland Ministries
Post Office Box 84
L’VIV 79000
OEKRAINE

Ons is hier vir jou!

Believer's Voice of Victory televisie-uitsending

Skakel in by Kenneth en Gloria Copeland en die *Believer's Voice of Victory* -uitsendings elke week, Maandae tot Vrydae en op Sondae, en leer hoe geloof in God se Woord jou kan neem van 'n gewone lewe na 'n buitengewone lewe. Die lering van God se Woord word só aangebied om jou te kry waar jy graag wil wees – *heel bo!*

Die *Believer's Voice of Victory* is te sien op DSTV se TBN-kanaal asook GOD Channel.

Vergelyk plaaslike programlyste vir tye en kanale.

Believer's Voice of Victory

Tydskrif

Geniet geïnspireerde lering en bemoediging deur Kenneth en Gloria Copeland en gasskrywers in die maandelikse *Believer's Voice of Victory* -tydskrif. Dit sluit ook getuienisse in van ware ervaringe van God se wonderwerkende krag en goddelike ingryping in die lewens van mense net soos jy!

Dit is meer as 'n tydskrif – dit is 'n bediening.

Shout! **Die** ***Voice of Victory*** **vir kinders**

Shout! Dié dinamiese tydskrif vir kinders is ‘n Bybel-gefundeerde, aksiebelaaide kwartaallikse tydskrif vir kinders wat GRATIS beskikbaar is. *Shout*! is gevul met kleurvolle avontuurlustige tekenprente, uitdagende speletjies, raaisels, opwindende kortverhale, self-ontrafel-geheimenisse en nog baie meer, soos die verskyning van *Wichita Slim* en *Commander Kellie and the Superkids.*

Staan op, teken in en wees gereed om te *Shout*!

Om GRATIS in te skryf op *Believer’s Voice of Victory,* of vir ‘n GRATIS inskrywing op *Shout*!, skryf aan:

Kenneth Copeland

Privaatsak x909

Fontainebleau 2032

Republiek van Suid-Afrika

Of skakel : +27 11 699 7700